23.2 RAPPORT 2: DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF – TOTIUSFONDS (Artt 102, 103)

A. Dr GJ Meijer lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Die opdrag is vervat in die Reglement van die Totiusfonds (Acta 1982:226-227 asook Acta 2006:756-758). Die beheer van Psalmboek-voorrade asook die beheer oor die Totiusfonds berus by hierdie Deputate. Die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Administratiewe Buro behartig.

1.2 Dat die CJBF-deputate (Totiusfonds) in oorleg met die Deputate Liturgiese Sake voortgaan met die uitgee van die Psalmboek (Acta 2012:416, 2.3 en Acta 2012:433, 3.4).

1.3 Dat gesprekke met Naspers gevoer word om te verseker dat Psalmboeke steeds bekostigbaar op aanvraag gedruk sal word (Acta 2012:430, 2.1.1 en 2.1.2):

1.3.1 Toe te sien dat die kopiereg reëlings rakende die 2009-Psalmboek en die weergee daarvan in die Psalmboek reggestel word.

1.3.2 Met Naspers in gesprek te tree oor die bekom van regte om die Skrifberymings waarvan die GKSA nie kopiereg hou nie, elektronies te kan versprei.

1.3.3 Die kopiereg op dié dele in die 2010-Psalmboek ("Groen" Psalmboek) wat nie in die 2009-Psalmboek voorkom nie asook die Skrifberymings waarna in 2.1.2.2 (Acta 2012:430) verwys word, behoort aan Naspers, wat dit by Lux Verbi BM oorgeneem het. Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om met Naspers in gesprek te tree oor die bekom van regte om die Psalm-omdigtings en Skrifberymings waarvan die GKSA nie kopiereg hou nie, elektronies te kan versprei.

1.4 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om met Naspers (teksgedeelte) en mnr Colin Campbell (musiekgedeelte) te skakel om die meesters van die Psalmboeke te bekom en dit te stoor (Acta 2012:430, 2.2).

1.5 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek "Elektroniese beskikbaarstelling van Psalm-notasie aan gemeentes vir gebruik met projektors" af te handel (Acta 2012:430, 2.3).

1.6 Hersiene Totius-teks (Acta 2012:431, 2.4.3):

1.6.1 Die hersiene teks (volgens die laaste verwerking, gedateer 9 September 2011) van die 1936/7-Psalmberyming hiermee aan die Sinode voorgelê word met die aanbeveling dat die hersiene teks as alternatiewe teks deur gemeentes gebruik mag word.

1.6.2 Die hersiene 1936/7-Psalmberyming as volledige teks slegs in elektroniese formaat vir gebruik aan gemeentes beskikbaar gestel word (vgl die besluit van Sinode 2009:716, 5.2).

1.6.3 Die opdrag van Sinode 2009 insake die woordelys kontinueer. Die Deputate kan woorde by wyse van voetnotas of eindnotas aantoon.

1.7 Koraalboek-addendum (Acta 2012:431, 2.5). 'n Addendum vir die begeleiersboeke (Koraalboeke), waarin die bykomende melodieë vir Psalms en Skrifberymings opgeneem word, moet daargestel word. Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek in samewerking met Deputate Liturgiese Sake af te handel.

1.8 "Leer my Heer" (Acta 2012:432, 2.7). Projek om die sing van Psalms en die Geneefse melodieë, veral onder kinders, te bevorder. Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die tweede fase van die projek, naamlik die opname van 20 verdere Psalms, te ondersoek en verder te hanteer.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.8 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Druk van Psalmboeke*: Die 2009 (“Swart” Psalmboek) is in proses van herdruk.

2.2 *Samewerking met Deputate Liturgiese Sake*: Die Deputate CJBF-Totiusfonds het dwarsdeur die 2012-2015 termyn kosbare samewerking met die Deputate Liturgiese Sake gehad. Wedersydse bywoning van vergaderinge het die samewerking aansienlik vergemaklik.

Die onderlinge ooreenkoms is dat Deputate Liturgiese Sake voortaan die kopie van die Psalms, Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere aan die Deputate CJBF-Totiusfonds met die oog op drukwerk sal voorsien.

2.3 *Verkryging en stoor van meesters*: In die Aanvullende Rapport sal hieroor verslag gedoen word.

2.4 *Elektroniese beskikbaarstelling van Psalm-notasie aan gemeentes vir gebruik met projektors*: Sr Hettie Boshoff van die GK Krugersdorp het in samewerking met die Deputate Liturgiese Sake die projek hanteer en afgehandel.

2.5 *Hersiene Totius-teks*: Die teks van die hersiene 1936 Psalmberyming is gefinaliseer en die woordelys is by wyse van voetnotas daarin opgeneem. Die teks is sodanig geherformateer dat dit op die CJBF-webblad geplaas kon word vir gemeentes om af te laai en self te druk. Gemeentes kan ook van die CJBF gedrukte kopieë bestel wat op aanvraag gedruk sal word.

2.6 *Koraalboek-addendum*: Die Addendum tot die Psalmboek (liedere wat deur Sinode 2012 goedgekeur is) is in oorleg met die Deputate Liturgiese Sake en die Administratiewe Buro gedruk en aan die kerke beskikbaar gestel.

2.7 *“Leer my Heer”*: In die Aanvullende Rapport sal hieroor verslag gedoen word.

2.8 *Kopie- en Lisensieregte*: Na aanleiding van navrae vanuit die kerke is daar in oorleg met Deputate Liturgiese Sake duidelikheid verkry in verband met Kopie- en Lisensieregte op liedere in die Psalmboek. ‘n Brief is aan al die kerke uitgestuur waarin die kerke se aandag opnuut gevestig geword op die nakom van lisensieregte van Psalms en Skrifberymings, veral as daar van elektroniese media gebruik gemaak word. Lisensieregte op Liedboekliedere wat deur die kerke gebruik word berus by Bybel-Media.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.8 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die Totiusfonds Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is.

3.2 *Gesprekke met Naspers*: Sedert Sinode 2012 het Bybel-Media die regte om Psalmboeke te druk en uit te gee by Naspers uitgekoop. Daar is met dr Pieter Fourie, die hoof van Bybel-Media, gesprek gevoer oor die verdere uitgee van Psalmboeke en die regte wat daarmee gepaardgaan. Al die regte is bekom om die tussentydse, aanvullende Psalmboek uit te gee.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om in samewerking met die Deputate Liturgiese Sake met Bybel-Media in kontak te bly oor die uitgee van die Psalmboeke en toe te sien dat al die nodige regte nagekom word.

3.3 *Outeursgelde – berymde liedere*: Die staande reëling in die GKSA is dat daar geen outeursgelde aan berymers van kerkliedere betaal word nie, aangesien dit werk is wat *pro Deo* gedoen word. Indien ‘n lied deur die Algemene Sinode vir opname in die Psalmboek goedgekeur word, word aangeneem dat daarmee die kopiereg ook aan die kerke oorgedra word.

Aanbeveling: Dat geen outeursgelde aan berymers van liedere betaal word nie en kopiereg van liedere aan die kerke oorgedra word.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.

D. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Druk van Psalmboeke*
Daar is geen Psalmboeke herdruk nie. Daar word met ‘n herdruk gewag aangesien daar nie tans duidelikheid is oor die nommering/rubrisering van die Skrifberymings is nie.

1.2 Daar is nog geen nuwe vertaling van die Belydenisskrifte ontvang van die Deputate wat daarmee belas is nie.

1.3 Die Beskrywingspunt van dr HF van Wyk wat by Sinode 2012 goedgekeur is om die Skrifverwysings/Skriffundering van die Belydenisskrifte uit te brei, is reeds deur die Deputate Leerstellige Sake behandel en gefinaliseer en is gereed om in ‘n heruitgawe van die Psalmboek opgeneem te word.

1.4 *Psalmboek in elektroniese formaat vir selfone/Kindle/ens*: Vordering met hierdie projek is stadig, maar ‘n persoon is geïdentifiseer wat bereid is om hiermee te help.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die Totiusfonds Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is. Dit sluit onder andere die volgende in:

2.1.1 Psalmboek vir selfone

2.1.2 Uitgebreide Skrifverwysings by Belydenisskrifte

2.2 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate Leerstellige Sake om die te benoeme Deputate van die volgende dokumente in al die tale wat deur die kerke gebruik word te voorsien:

2.2.1 Belydenisskrifte

2.2.2 Liturgiese Formuliere

2.2.3 Gebede

2.3 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate Leerstellige Sake en die te benoeme Deputate om formele skakeling tussen hulle te bewerkstellig.

2.4 *Bladuitleg*: *Psalmboek en Koraalboek*: Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om aandag aan die bladuitleg van die Psalmboeke en Koraalboek te gee en br Fanie Jooste daarby te betrek.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 goedgekeur.